# NASIENRIGLYNE

| EXAMINATION | NATIONAL SENIOR CERTIFICATE |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | VERBRUIKERSTUDIES |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTE TOTAAL** | 200 |
| **DUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 20 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

# AFDELING A: KORT VRAE (Al die onderwerpe)

## VRAAG 1

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | A | (1) | Onthou maklik | SV p 190-191 | V p 169-172 | |
| 1.1.2 | B | (1) | Onthou maklik | SV p 194, 195 | V p 176 | |
| 1.1.3 | C | (1) | Onthou matig | SV p 182 | V p 165 | |
| 1.1.4 | D | (1) | Verstaan matig | SV p 181 | V p 163 | |
| 1.1.5 | B | (1) | Toepassing matig | SV p 174 | V p 157 | |
| 1.1.6 | D | (1) | Onthou maklik | SV p 78 | V p 71 | |
| 1.1.7 | A | (1) | Onthou maklik | SV p 80 | V p 71 | |
| 1.1.8 | C | (1) | Onthou maklik | SV p 80, 81 | V p 72 | |
| 1.1.9 | B | (1) | Onthou maklik | SV p 85 | V p 74 | |
| 1.1.10 | A | (1) | Onthou matig | SV p 95 | V p 82 | |
| 1.1.11 | B | (1) | Onthou maklik | SV p 67 | V p 61,62 | |
| 1.1.12 | B | (1) | Verstaan matig | SV p 50, 51 | V p 49,50 | |
| 1.1.13 | C | (1) | Onthou maklik | SV p 136 | V p 117 | |
| 1.1.14 | C | (1) | Onthou matig | SV p 139 | V p 119 | |
| 1.1.15 | A | (1) | Onthou maklik | SV p 145 | V p 127,128 | |
| 1.1.16 | D | (1) | Onthou maklik | SV p 25 | V p 25 | |
| 1.1.17 | A | (1) | Verstaan matig | SV p 22 | V p 18 | |
| 1.1.18 | C | (1) | Toepassing matig | SV p 10-12 | V p 7, 8 | |
| 1.1.19 | D | (1) | Verstaan maklik | SV p 30 | V p 32 | |
| 1.1.20 | B | (1) | Toepassing maklik | SV p 39 | V p 38 | (20) |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.2 | B, D, F<br>(enige volgorde) | (3) | Verstaan maklik | SV p 140 | V p 122 | (3) |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.3.1 | C | (1) | Onthou matig | SV p 113,114 | V p 92-94 | |
| 1.3.2 | E | (1) | Onthou matig | SV p 113,114 | V p 92-94 | |
| 1.3.3 | B | (1) | Onthou matig | SV p 113,114 | V p 92-94 | |
| 1.3.4 | A | (1) | Onthou matig | SV p 113,114 | V p 92-94 | |
| 1.3.5 | H | (1) | Onthou matig | SV p 113,114 | V p 92-94 | (5) |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.4.1 | Half-geskoolde | (1) | Onthou maklik | SV p 17 | V p 10, 25 | |
| 1.4.2 | Uitvoerbaarheidstudie | (1) | Onthou maklik | SV p 35 | V p 35 | |
| 1.4.3 | Produk spesifikasie | (1) | Onthou maklik | SV p 15 | V p 8 | |
| 1.4.4 | Volhoubare | (1) | Onthou maklik | SV p 26 | V p 26 | |
| 1.4.5 | Handels- | (1) | Onthou maklik | SV p 28 | V p 29 | (5) |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.5.1 | B | (1) | Verstaan maklik | SV p 53,55 | V p 51 | |
| 1.5.2 | C | (1) | Verstaan maklik | SV p 53,55 | V p 51 | (2) |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.6.1 | Stokvel | (1) | Verstaan matig | SV p 177 | V p 161 | |
| 1.6.2 | Piramide skema | (1) | Verstaan matig | SV p 178 | V p 162 | |
| 1.6.3 | Uitvissing/"Phishing" | (1) | Verstaan matig | SV p 177 | V p 159 | |
| 1.6.4 | Belasting op toegevoegde waarde / BTW | (1) | Verstaan matig | SV p 181 | V p 164 | |
| 1.6.5 | Eiendomsbelasting/ Diensgelde/fooie | (1) | Verstaan matig | SV p 183 | V p 164 | (5) |

**[40]**

# AFDELING B

## VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 2.1.1 Noem TWEE wette wat die verbruiker teen onbillike sakepraktyke soos hierdie herverkopers of verspreiders beskerm.

- Die Nasionale Kredietwet✓
- Die Wet op Verbruikersbeskerming✓ (2)

Onthou maklik SV p 170-173 V 157

2.1.2 Verduidelik **hoe** ‘n waarborg verbruikers beskerm.

- Dit is ‘n belofte om ‘n item te vervang of te herstel✓as die item nie aan die bepalings van die waarborg nie voldoen nie.✓
- Die waarborg verklaar dat die produk betroubaar en vry van bekende defekte is.✓
- Defektiewe onderdele sal binne ‘n sekere tydbeperking herstel/vervang word ✓
- Ingevolge die VBW, mag onklaar, onveilige of defektiewe goedere binne ses maande na aflewering, teruggegee word.✓
- ‘n Diensonderneming moet ‘n drie-maande waarborg gee met elke nuwe of herstelde onderdeel wat tydens enige herstelwerk of instandhoudingswerk geïnstalleer word.✓ (Enige 3) (3)

Onthou matig SV p 175 V p 158

2.1.3 Identifiseer en verduidelik TWEE onbillike sakepraktyke in die uittreksel.

- Bemarking van goedere met valse beloftes of misleidende stellings/wanvoorstelling✓ - die sonpanele is nagemaak en kan nie effektiewe energie opwek nie.✓
- Sakepraktyke wat nadelig is vir die verbruiker/onredelike handeling✓ - die panele is onveilig/kan ‘n veiligheidsrisiko vir die verbruiker inhou.✓
- Sakepraktyke wat tot die verbruiker se nadeel is/swendelskema✓ - nie die waarborg nakom nie.✓ (Enige 2x2) (4)

Toepassing matig SV p 174 V p 157

© SACAI COPYRIGHT

2.1.4 Bespreek VIER grondige redes waarom sonenergie as ‘n lewensvatbare opsie tydens Suid-Afrika se energiekrisisse beskou kan word.

- Sonenergie gebruik die son om energie op te wek✓ - Suid-Afrika het baie sonnige dae/baie dele van Suid-Afrika word as semi-woestyn met baie son beskou.✓
- Sonpanele besoedel nie die omgewing nie✓ - om energie van sonpanele te genereer sal nie addisionele besoedeling soortgelyk aan die huidige nie-hernubare energie, soos steenkool, veroorsaak nie.✓
- Sonenergie kan sonder gas of elektrisiteit funksioneer✓ - beskikbaar in afgeleë areas/kan in informele nedersettings gebruik word.✓
- Finansiële aansporing✓ - die regering bied belastingkorting aan as sonenergie-stelsels geïnstalleer word.✓
- Mag op die lang duur goedkoper wees/Nadat die aanvangs-belegging gespaar is, word die energiekoste bykans nul en min onderhoud is nodig.✓ (Enige 4x2)

Toepassing matig SV p 191 V p 170 (8)

2.2 2.2.1 **Definieer** *Verbruikersprysindeks.*

- Die VPI meet veranderinge✓ in die koste van goedere en dienste✓ oor ‘n spesifieke tydperk.✓
  **OF**
- VPI toon ‘n verandering✓ in die prys van ‘n groep produkte en dienste✓ vir een jaar.✓ (Enige 3) (3)

Onthou maklik SV p 185 V p 167

2.2.2 Beskryf hoe die VPI-“mandjie”gekies word.

- Omtrent 400 produkte, verdeel in 12 kategorieë.✓
- Items wat deur ‘n tipiese huishouding gebruik word.✓(Enige 1) (1)

Onthou maklik SV p 185 V p 167

2.2.3 Stel DRIE redes voor waarom die inflasie van eiers so drasties verhoog het.

- Die voëlgriep-uitbreek het gelei tot die slagting van miljoene hoenders.✓
- Verbruikers se paniek-aankope het gelei tot ‘n tekort aan eiers op die mark.✓
- Die prys van eiers het verhoog omdat die aanvraag verhoog het.✓
- Omdat die prys verhoog het, het die VPI van eiers ook verhoog.✓ (Enige 3) (3)

Verstaan matig SV p 185 V p 167 / Uittreksel

2.2.4 Stel DRIE ander redes voor waarom die algemene voedselinflasie sou verhoog het.

- Werknemers wat aandring op verhoogde salarisse het tot gevolg dat besighede hul pryse verhoog om die salarisverhogings te dek.✓
- As die regering meer spandeer as wat hulle in belasting ontvang.✓
- Meer geld word sonder sekuriteit gedruk.✓
- Die verhoogde brandstofprys,✓verhoog die vervoerkoste✓ van voedsel.
- Beurtkrag lei tot voedsel wat sleg word✓ en kleinhandelaars verhoog hul pryse om vir die verlies te kompenseer.✓
- Alternatiewe bronne van elektrisiteit wat help om voedsel koud/bevrore te hou, is duur.✓ (Enige 3) (3)

Verstaan matig SV p 185 V p 167

2.2.5 Verduidelik die moontlike effek van inflasie op bejaarde persone.

- Die inflasiekoers is die persentasie waarteen die prys van goedere en dienste in 'n jaar styg.✓
- Hoe hoër die inflasiekoers, hoe minder kan die verbruiker met dieselfde hoeveelheid geld koop.✓
- Bejaarde persone is afhanklik van 'n pensioenfonds wat nie altyd verhoog nie, of die verhoging is minder as die inflasie.✓
- As inflasie dus verhoog, sal die bejaarde persone minder geld hê om te spandeer/besteebare inkomste✓ en hulle sal die swaarste kry.✓
- Dit lei tot 'n subtiele verlaging in die lewensstandaard.✓ (Enige 3) (3)

Verstaan matig SV p 185 V p 168

2.3 Verduidelik wat die Lopendebetaalstelsel behels.

- Dit verseker dat 'n werknemer belasting betaal✓ op dieselfde tyd wat hy/sy die inkomste verdien.✓
- Die werkgewer trek elke maand een twaalfde van die geraamde belasting wat die werknemer aan die einde van die jaar sal betaal, van die geld af wat hy/sy verdien.✓

  **OF**
- Die lopendebetaalstelsel (LBS) is die werknemersbelasting wat werkgewers van die balans van 'n werknemer se voltydse inkomste uitwerk✓en bo die belastingdrempel vir die jaar aftrek.✓
- Die bedrag wat van die werknemer se maandelikse betaling afgetrek word, word volgens belastingtabelle✓bereken en aan die Ontvanger van Inkomste betaal.✓ (Enige 2) (2)

Verstaan maklik SV p 181 V p 163

2.4 Bespreek hoe die gebrek aan dienslewering deur munisipaliteite, watervoorsiening aan verbruikers affekteer en die gevolge daarvan.

- Waterpompe breek as gevolg van ‘n gebrek aan onderhoud✓ en reservoirs/opgaar damme raak leeg.✓
- Waterpype word nie onderhou nie, dit veroorsaak dat pype lek en bars. Miljoene liters water vloei deur die strate en word vermors.✓
- Water wat deur die strate vloei, veroorsaak slaggate✓ en dit beskadig motors.✓
- Verbruikers het geen water✓ om in te bad/hande te was/voedsel voor te berei/skottelgoed te was/klere te was nie.✓
- Omdat rioolsisteme nie kan funksioneer nie✓ lei dit tot onhigiëniese lewenstoestande/siektes.✓
- Lae-inkomste gesinne✓ kan dit nie bekostig om water te koop nie/water tenks te installeer nie.✓
- Verbruikers sal negatief teenoor die plaaslike/provinsiale/nasionale regering raak.✓
- Indien verbruikers wel siek word,✓ sal dit aanleiding gee tot addisionele mediese kostes.✓ (Enige 8) (8)

Analisering moeilik SV p 196-199 V p 177-181

**[40]**

**VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING**

3.1 Noem VYF dieetveranderinge wat bloedcholesterolvlakke sal verlaag.

- Beperk die inname van versadigde vet en transvetsuur-voedsels.✓
- Vervang versadigde vet met mono-onversadigde en poli-onversadigde vette/olyfolie/kanola-olie/druiwesaadolie/olywe/avokado/grondboontjie-botter/ongesoute, rou neute/sonneblom/soja/ mielie-olie /sagte margarien/vetterige vis.✓
- Eet meer donkergroen blaargroentes✓- om die opbou van cholesterol te verminder.
- Beperk die inname van rooivleis/orgaanvleis/garnale/steurgarnale.✓
- Eet meer olierige vis/sardientjies/sardyne/salm.✓
- Maak volgraanbrood/bruinbrood/hawermout/bruinrys die basis van die meeste maaltye.✓
- Verhoog die inname van oplosbare vesel/hawermout/appels /peulgroente.✓
- Gebruik sout spaarsamig.✓
- Eet elke dag ten minste vyf porsies vrugte en groente.✓ (Enige 5) (5)

Onthou maklik SV p 85 V p 74/75

3.2 3.2.1 Noem VIER faktore wat die risiko om osteoporose te ontwikkel, verhoog.

- Lae estrogeenvlakke/vroeë menopouse in vroue✓
- Liggaamsvorm✓
- ‘n Familiegeskiedenis van osteoporose/genetiese✓
- Ooraktiewe skildklier✓
- Rook✓
- Langtermyn gebruik van sekere medikasies✓
- Oormatige alkoholgebruik✓
- Te min oefening✓
- Te min kalsium/fosfor/vitamien D✓ (Enige 4) (4)

Onthou maklik SV p 89 V p 76

3.2.2 Verduidelik die gevolge van osteoporose.

- Druk frakture in die ruggraat✓ want die verswakte been stort ineen✓ as gevolg van die liggaam se gewig.
- Dit veroorsaak 'n gebrek aan/geneties lengte✓ en 'n toenemende kromming van die ruggraat.✓
- Die bene word dunner/minder dig/bros/swak✓
- Breek maklik/Verhoogde risiko van heup-/been- en gewrigsbreuke.✓

(Enige 4) (4)

Verstaan matig SV p 89 V p 76

3.3 Verduidelik die verskil tussen 'n suiwel/melk allergie en 'n suiwel/melk intoleransie. (6)

- 'n Suiwel/melkallergie ontstaan wanneer die immuunsisteem✓ verkeerdelik dink dat die proteïen✓ in melk skadelik is✓ en daarteen reageer.
- In die geval van 'n suiwel/melk intoleransie, ontbreek die ensiem laktase✓ en dit kan nie die melksuiker/laktose✓ afbreek/verteer nie.✓
- 'n Suiwel-/melkallergie kan lewensgevaarlik✓ wees terwyl 'n suiwel/melk intoleransie nie lewensgevaarlik is nie.✓ (Enige 6) (6)

Verstaan matig SV p 92/93 V p 79/80

3.4 Gee grondige voorstelle hoe sy haar Tipe 1 diabetes kan bestuur.

- Eet maer proteïene (vis/pluimvee/peulgroente)✓
- Eet meer veselryke voedsel bv volgrane/vrugte/groente/eet oplosbare en onoplosbare vesel.✓
- Beperk voedsel en versnaperinge met 'n hoë versadigde vet- en cholesterol-inhoud.✓
- 'n Dieetkundige kan vir die diabeet leer om 'n koolhidraattelling te doen om die bloedsuikervlak te beheer✓ en die liggaamsgewig te beheer.✓
- Gereelde oefening van ten minste 30 minute per dag is noodsaaklik.✓
- Moenie maaltye oorslaan nie/eet gereeld/eet daagliks 'n minimum van 3 maaltye.✓
- Beperk die suikerinname✓ en verfynde koolhidrate.✓
- Volg 'n lae-GI/laevet diet.✓
- Eet elke dag vrugte en groente.✓
- Verminder proteïen-inname om stremming op die niere te vermy.✓

(Enige 5) (5)

Toepassing matig SV p 82-83 V p 73

Nota: moenie gesonde voedsel aanvaar nie – te vaag

3.5 3.5.1 Noem DRIE nutriënte wat ‘n belangrike rol speel om anemie te verhoed.

- Folasien/Foliensuur✓
- Vitamien $B_{12}$✓
- Vitamien $B_6$✓
- Yster✓ (Enige 3) (3)

Onthou maklik SV p 91 V p 76

3.5.2 Toon hoe ‘n konstante voorraad gesonde rooibloedselle anemie sal verhoed.

- Gesonde rooibloedselle sal genoeg hemoglobien✓wat suurstof ✓ bevat van die longe na al die dele van die liggaam sal dra.✓
- Dit sal verseker dat die selle genoeg suurstof✓ het om energie te genereer,✓ selfunksies te onderhou✓ en behoorlik te werk.✓
- Dit sal moegheid/swakheid/lusteloosheid/bleekheid/uitasem verhoed✓

(Enige 5) (5)

Verstaan matig SV p 91 V p 76

3.6 Analiseer onderstaande eetpatroon en gee grondige redes waarom hierdie jong volwassene moontlik vetsug sal ontwikkel.

- Die persoon slaan ontbyt oor✓ en eet ongesonde versnaperinge✓ later in die oggend. As ontbyt oorgeslaan word, verlangsaam die metabolisme.✓
- Hy/sy eet geen vrugte/groente✓wat geen vet bevat nie.✓
- Die aartappelskyfies/uieringe word diepgebraai/bevat baie versadigde vet✓ wat die kilojoule-inname verhoog.✓
- Hy/sy eet baie suiker/lekkergoed/versoete drankies✓ wat die kilojoule -inname verhoog.✓
- Hy/sy eet geen veselryke voedsel nie✓ - wat die gevoel van honger vertraag.✓
- Meeste kos is geprosseseer✓ (Enige 8) (8)

Analisering moeilik SV p 91 V p 76

**[40]**

**VRAAG 4: KLEDING**

4.1 Definieer die onderstaande modeterme.

*(a) Modegiere*

- Sterk in aanvraag/baie verbruikers✓
- Duur 'n kort rukkie/Dit het 'n baie kort lewensiklus✓
- Word skielik baie gewild✓
- Gereeld as bykomstighede✓ (Enige 2) (2)

Onthou maklik SV p 51 V p 49

Nota: Moenie voorbeelde aanvaar nie

*(b) Klassieke mode*

- Duur baie seisoene/word altyd aanvaar/tydloos✓ met subtiele veranderinge.✓
- Word deur eenvoud gekenmerk✓
- Word altyd as smaakvol/elegant01 beskou✓ (2)

(Enige 2)

Onthou maklik SV p 51 V p 49

Nota: Moenie voorbeelde aanvaar nie

4.2 Verduidelik waarom modesiklusse oorvleuel.

- Soos 'n mode gewild raak en meer nageboots word, groei die aanvraag.✓
- Terselfdertyd word die vorige mode minder gewild, met minder mense wat dit dra.✓

**OF**

- Die begin van een mode oorvleuel✓ met die afname van die vorige mode.✓ (Enige 2) (2)

Verstaan maklik SV p 50 V p 50

4.3 Noem TWEE punte van die vervardigingskode vir "Fair Trade" maatskappye.

- Hulle betaal billike lone.✓
- Hulle bied goeie werksomstandighede.✓
- Hulle gebruik nie kinderarbeid nie.✓
- Hulle voldoen aan arbeids- en veiligheidswette.✓
- Hulle ondersteun omgewingsvolhoubaarheid/beskerming van die omgewing.✓
- Waarborg billike transaksies vir produsente.✓ (2)
- Waarborg regte van werkers✓ (Enige 2)

Onthou maklik SV p 69 V p 61

4.4 Beskryf hoe formele werksklere aangepas kan word vir ‘n aandfunksie by die werk.

Mansklere:

- Ruil baadjie vir ‘n deftiger baadjie in ‘n donker kleur.✓
- Ruil die hemp vir ‘n formele/deftiger hemp sonder ‘n kraag/mandaryn kraag.✓
- Dra ‘n das slegs as die hemp ‘n gepaste kraag het.✓
- Dra blinkleer skoene.✓

Damesklere:

- Dra ‘n satyn baadjie/baadjie met kralewerk.✓
- Trek die baadjie wat werk toe gedra is uit.✓
- Verander die juwele/bykomstighede.✓
- Dra ‘n bloes vir spesiale geleenthede.✓
- Ruil gemaklike skoene vir hoëhak/blink/blinkleer skoene.✓
- Ruil groot handsak vir kleiner handsak✓ (Enige 4) (4)

Toepassing matig SV p 64/65 V p 57

4.5 4.5.1 Verduidelik wat nagemaakte goedere is.

- Nagemaakte goedere is ‘n nabootsing/onwettige kopie van die oorspronklike produk.✓ (1)

Onthou maklik SV p 72 V p 64

4.5.2 Bespreek die voordele om die nagemaakte klere-items stukkend te sny en dan te herwin.

- Herwinning van hierdie klere-items sal die hoeveelheid tekstielgoedere wat op ashope beland, verminder✓
- Die herwinde poliëster sal gebruik word om ritssluiters en knope te maak.✓
- Herwinde poliëster word ook gebruik om topgehalte sportklere te vervaardig.✓
- Dit verminder ook die hoeveelheid nuwe tekstielstowwe wat vervaardig moet word.✓
- 100% poliëster-items word gesmelt en weer in vesels gespin en vir produkte gebruik wat wissel van onderklere tot matte.✓
- Nie-geweefde stowwe word herwin as vulstof vir gestoffeerde meubels/geotekstiele/filters/vloerbedekkings.✓
- Afval word verminder omdat die gekonfiskeerde goedere nie op vullishope beland nie.✓ (Enige 3) (3)

Verstaan matig SV p 68 V p 62

4.5.3 Gee grondige redes waarom die verwydering van nagemaakte goedere in Suid-Afrika noodsaaklik is vir ons ekonomie.

- Dit sal die groei van ons ekonomie stimuleer.✓
- Die Suid-Afrikaanse ekonomie kry baie swaar as gevolg van die hoë werkloosheid/baie mense word afgedank.✓
- As die nagemaakte goedere verwyder word, sal besighede nie toemaak nie/werkers sal nie afgedank word nie.✓
- Verbruikers sal weer vertroue in die handelsmerke kry.✓
- Verbruikers sal goeie kwaliteit klere kan koop✓ kledingitems sal langer hou.✓
- SAID sal belasting ontvang.✓
- Die beeld en reputasie van geregistreerde handelsmerke sal herstel word.✓ (Enige 4) (4)

Analisering moeilik SV p 72 V p 64

**[20]**

## VRAAG 5: BEHUISING

5.1 5.1.1 Identifiseer die tipe huiseienaarskap wat die aankoop van bogenoemde woonstel verteenwoordig.

- Deeltitel-eienaarskap✓ (1)

Onthou matig SV p 140 V p 122

5.1.2 Noem DRIE gebruike van die maandelikse heffing wat in woonstel-komplekse betaal word.

- Diensgelde en eiendomsbelasting/water en elektrisiteit✓
- Versekering✓
- Herstelwerk en instandhouding van gemeenskaplike areas✓
- Lone en salarisse van personeel✓
- Ekstra uitgawes soos toevallige skade✓
- Onderhoud van die tuin✓
- Sekuriteit✓ (Enige 3) (3)

Onthou maklik SV p 140 V p 122

5.1.3 Gee 'n oorsig van VYF voordele van die aankoop van hierdie woonstel vir ouers van 'n eerstejaar-student.

- Hulle sal die wettige eienaars van die eiendom wees.✓
- Hulle kan veranderinge aan die binnekant van die woonstel maak soos hulle wil.✓
- Die eiendom kan as sekuriteit vir 'n banklening aangebied word.✓
- Dit is 'n goeie belegging omdat die eiendom se waarde met die tyd kan verhoog.✓
- Daar is sekuriteit/Om in 'n kompleks te woon, is veiliger as in 'n enkelstaande huis.✓
- Gemeenskaplike areas van die kompleks mag gebruik word.✓
- Minder administrasie en verantwoordelikheid omdat die regspersoon die kompleks/deeltitelblok administreer/bestuur/beheer.✓
- Die eiendom kan in die toekoms aan die kinders bemaak word.✓
- Die koste van die onderhoud is baie minder as die van 'n groot tuin en erf.✓
- Reiskostes sal minder wees omdat die eiendom naby die Universiteit/kollege/spooraansluitings en hoofweë is.✓
- Die Deeltitelwet beskerm die belange van die deeltitel-eienaars.
- 'n Vriend kan in die tweede kamer bly en huur betaal.✓ (Enige 5) (5)

Verstaan matig SV p 141 V p 123

5.2 5.2.1 Beskryf ‘n afbetalingsverkooptransaksie.

- ‘n Deposito word betaal✓
- Paaiemente word oor ‘n tydperk/12 maande betaal✓
- Die items kan dadelik huistoe geneem word✓
- Die kleinhandelaar en verbruiker moet albei die geskrewe kontrak teken✓
- Rente word gehef✓ (Enige 3) (3)

Onthou maklik SV p 162 V p 148

5.2.2 Verduidelik waarom die kontant aankoopprys minder is as die prys van die afbetalingsverkooptransaksie.

Tydens die afbetaalverkooptransaksie moet die verbruiker ook die onderstaande betaal:

- Administrasiefooie✓
- Versekeringskoste✓
- Deposito✓
- Rente✓
- Finansiële kostes✓ (Enige 2) (2)

Toepassing matig SV p 162 V p 148

5.2.3 Evalueer die geskiktheid van hierdie produk vir ‘n eerstejaar student.

- Die lugbraaier sal goedkoper wees as ‘n stoof✓ OF studente het nie baie geld nie en die lugbraaier is ‘n goedkoper opsie✓ OF daar is n opsie om die geld in paaiemente af te betaal wat dit makliker maak om te koop.✓
- Die toestel en die kleefvrye mandjie is maklik om skoon te maak/dit het ‘n groot maklik om te lees digitale aanraak LED vertoonvenster/vinnige voorafverhitting met ‘n wyslig/maklik om te lees.✓
- Studente wil nie te veel tyd spandeer om kos te maak nie/vinnige voorafverhitting✓/studente het dalk nie kookervaring nie – die lugbraaier het vasgestelde funksies.✓
- Studente se woonstelle is dikwels klein/het klein kombuisies; die lug-braaier sal nie baie plek opneem nie.✓
- Gebruik minder elektrisiteit as ‘n oond, dus goedkoper om te gebruik.✓ (Enige 5)

**Gevolgtrekking**: Hierdie produk sal geskik wees vir ‘n eerstejaar student om kos te maak.✓ (1) (6)

Analisering moeilik SV p 152/153 V p 133/134

**[20]**

**VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP**

6.1 Noem VYF vereistes vir kwaliteit produkte.

- Geskik vir die teikengroep✓
- Aanbieding van die produk✓
- Gehalte van grondstowwe✓
- Gehalte en ontwerp van verpakking✓
- Gehalte van berging/effektiewe bergingsprosedures✓
- Veiligheid✓
- Korrekte en aantreklike etikettering✓ (Enige 5) (5)

Onthou maklik SV p 24 V p 20-25

6.2 Noem TWEE maniere hoe ‘n entrepreneur ‘n nuwe onderneming kan finansier.

- Eie geld/lening✓
- Besigheidsvennoot/te✓
- Beleggers (vriende/familie)/Go fund/Back a Buddy (Instagram)✓ (2)

(Enige 2)

Onthou maklik SV p 19 V p 8,11

6.3 Noem VIER faktore wat die doeltreffende produksie van kwaliteit produkte beïnvloed.

- ‘n Netjiese werkplek✓
- Goeie beplanning vir produksie✓
- Trou bly aan spesifikasies✓
- Kwaliteitbeheer✓
- Voorraadbeheer✓
- Werkers se higiëne✓
- Versigtige beheer van finansies✓ (Enige 4) (4)

Onthou matig SV p 21-23 V p 15-19

6.4 Noem VIER faktore wat produksiekostes sal verhoog.

- Swak beplanning van die produksieproses✓
- Geen/swak gehaltebeheer✓
- Swak voorraadbeheer van verbruikbare produkte✓
- Swak voorraadbeheer van toerusting✓
- Die ondoeltreffende gebruik van toerusting✓
- Swak gehalte grondstowwe✓
- Ongeskoolde/nie-opgeleide personeel✓
- Onakkurate boekhouding/optekening/finansiële beheer✓
- Produkte wat nie aan die minimum gehalte-standaarde voldoen nie.✓
- Inflasie/hoë koste van bestanddele/vervoer/elektrisiteit/water✓
- Ondoeltreffende bergingsprosedures✓ (Enige 4) (4)

Toepassing matig SV p 21-23 V p 20-25

6.5 Bespreek hoe die beskikbare ruimte die produksie in 'n tuis-onderneming sal beïnvloed.

- 'n Baie klein kombuisie is slegs geskik vir een persoon✓ – minder produkte sal geproduseer word✓ as wanneer daar twee of meer werkers is.
- 'n Klein spasie sal die groei✓ van die onderneming beperk.
- Daar sal nie genoeg stoorplek✓ vir bestanddele ens wees nie.
- Daar sal meer vermorsing van bestanddele wees✓ - minder wins.✓
- Groter risiko vir ongelukke✓ (Enige 4) (4)

Toepassing matig SV p 19 V p 12

© SACAI COPYRIGHT

6.6 Lindiwe bak elke dag van Maandag tot Vrydag 20 melkterte. Hy het een helper vir wie hy R250 per dag betaal. Gebruik onderstaande inligting om die verkoopprys van een (1) melktert te bepaal. Toon ALLE die berekeninge

| | |
|---|---|
| Koste om 20 melkterte te produseer: | R750.00 |
| Lone: | R250.00 |
| Ander kostes per week: | R300.00 |
| Lindiwe wil 70% wins maak. | |

R750 + R250 + (R300/5)
R750 + R250 + R60✓ = R1060.00✓
70% of R1060.00 = 70/100 x 1060.00
R1060 x 70/100✓ = R742.00✓
R860.00 + R742.00 = R1 802.00✓
R1 802.00 / 20✓ = R90.10/R90.00✓

**OF**

R750 + R250 + R300/5 = R1060✓
R1060 / 20✓ = R53✓
R53 x 70 / 100✓ = R37.10✓
R53 00 + R37.10✓ = R90.10 = R90.00✓ (7)

Toepassing matig SV p 38-40 V p 37, 38

Nota: Alle KORREKTE bewerkings metodes moet aanvaar word.

6.7 6.7.1 Bespreek die belangrikheid van ‘n suksevolle handelsnaam om die sukses van ‘n besigheid te verseker.

- Die handelsnaam word gebruik om die produk te identifiseer en van die mededingers se produk te onderskei.✓
- Die handelsnaam gee die klante ‘n idee van wat hulle van die produk kan verwag.✓
- Die verandering van die onderneming se handelsnaam weerspieël die onderneming se fokus op hoë kwaliteit transaksies vir die verbruiker.✓
- Die nuwe handelsnaam is maklik herkenbaar✓ en klante weet wat om te verwag. (Enige 2) (2)

Verstaan matig SV p 28 V p 29

6.7.2 Verduidelik hoe aanlyn-aankope van maatskappye soos Superbalist,'n negatiewe impak op die verbuikers se koolstofspoor kan hê.

- Aflewering van produkte✓ - motors/vragmotors wat produkte aflewer skei koolstofdioksied uit wat die osoonlaag✓beskadig.
- Produkte wat afgelewer word bevat baie verpakkingsmateriaal✓ - dit skep bykomende afval wat gestort moet word.✓
- Aanlyn-aankope kan die hoeveelheid vinnige modes vermeerder✓ - dit veroorsaak dat meer klere weggegooi word/gebruik van natuurlike hulpbronne/meer skade as gevolg van produksie bv insekdoders/water vermorsing✓ (Enige 4)

Verstaan matig SV p 26 V p 26/27 (4)

6.7.3 Analiseer hoe die onderstaande komponente van die bemarking-samestelling gebruik word om die sukses van hierdie onderneming te verseker.

(a) Promosie

- Promosie soos advertering word gebruik om bewusmaking en sigbaarheid van die produk te verhoog,✓ die produk se posisie verbeter in verhouding met die van die mededingers,✓ en uiteindelik verhoog die verkope.✓
- Superbalist fokus op demografie/transaksionele data/psigometriese data✓ en klante se gedrag.✓
- ‘n e-Handelmaatskappy se advertensies en promosies word op elektroniese- en sosiale media✓ gedoen wat beteken dat hulle ‘n groot gehoor✓ bereik omdat die meeste mense vandag selfone/die internet het. (Enige 4) (4)

Analisering moeilik SV p 29/28 V p 30/31

(b) Prys

- Verbruikers is baie prysbewus omdat die lewenskoste verhoog/klante hulle geld ruil vir iets wat hulle wil hê en wat hulle voel billik is.✓
- Omdat Superbalist ‘n aanlyn-winkel is/wat nie oorhoofsekostes het nie✓ kan die bedryfskoste van die winkel verminder word.✓
- Daarom kan klante produkte teen baie kompeterende pryse kry/die maatskappy fokus op hoë-kwaliteit transaksies vir die klante.✓
- ‘n Verskeidenheid betalingsopsies✓ is beskikbaar vir die klante wat die koop-proses vereenvoudig/dit makliker maak vir die klante om te koop.✓
- Omdat die maatskappy aan die begin eie geld gebruik het, het hulle min skuld✓ dus kan die beste pryse aan die klante gebied word. (Enige 4) (4)

Analisering moeilik SV p 30/31 V p 32/33

**[40]**

## TOTAAL AFDELING B: [160]

## GROOT TOTAAL: [200]